NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*Deur Cas Wepener | Outeur: Herman Bavinck*

## 'N GELOOFSBELYDENIS VAN CAS WEPENER (OUTEUR: HERMAN BAVINCK)

Ek glo in ‘n geheimsinnige Iemand wat naby my is,
Wat binne my is
Wat my armsalige gespartel en gespook sien,
Wat my dan stilletjies vashou
En my ongemerk van binne uit weer innerlike krag gee.
Ek het dit vele male
in my lewe ervaar
As ek wegsink en meegevoer word deur die strome van
die lewe
Wat my na onder wil trek.
Maar ek het ook in beslissende momente in my lewe
ondervind
Dat ek opgetel en hoog
bo die water gedra word.
Daar was oomblikke wat ek
my Bybel sou oopslaan
En elke woord daarin vir my
dof en vervelend geklink het.
Maar ek het ook oomblikke beleef waarin die woorde
As’t ware op my afspring,
waarin dit glinster en my lewe vul.
En altyd weer was ek oortuig dat daar Iemand in my
moet wees,
Iemand wat my vashou
Iemand wat my saggies maar ferm in die arms toevou.
Ek glo in die Vader, Seun en Heilige Gees.